

Sing vooraf: Psalm 34:2 (p. 166)

- 2 Kom, maak die HERE groot! / Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,
aan Hom wat groot is en naby, / die helper in die nood.
Ek het in my gebed / Die HEER gesoek en Hy het my
in antwoord op my noodgeskrei, / uit al my vrees gered.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:2 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Skriflesing: Job 36

Teks: Job 36:26; Kategismus Sondag 36

**Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons; die getal van sy jare is
onnaspeurlik. (Job 36:26 AFR1953)**

Die almag en die Wese van God word dikwels aan sy Naam verbind. Ons dink byvoorbeeld
aan Psalm 111:9 waar daar staan dat die Naam van die Here heilig en vreeslik is.

- Die Psalmdigter bedoel inderdaad dat die Here heilig is en gevrees moet word.
- Dit is trouens onmoontlik om aan die Here te dink en nie aan sy Naam te dink nie,
net soos wat dit onmoontlik is om aan die Naam van die Here te dink sonder om
aan sy Wese te dink.

In die hoofstuk wat ons gelees het, word daar gepraat van God wat goddeloses en
ellendiges, maar ook volke en die natuur beheer. Besef u hoe magtig die Here is om dit te
kan doen?

- Dit is so belangrik om dit te besef, want ons gelowiges het 'n lewenspatroon waarin
ons die een oomblik te mooi bely wie God die Here is, en die volgende oomblik
sondig ons asof Hy nie bestaan nie.

So dikwels noem ons die Naam van die Here.

- Soms is dit wanneer ons van Hom praat of tot Hom bid, maar so dikwels word dit

- gedoen wanneer iemand vloek.
- Die punt is net dat die persoon wat die Here se Naam gebruik, baie kere nie besef dat die Here direk by hom teenwoordig is wanneer hy die Here noem nie.
- Elihu het dit besef toe hy gesê het dat die Here groot en onbegryplik is.
- Dit eintlik 'n belydenis dat die Wese van die Here te groot is vir ons verstand om dit te kan bevat.

Al hierdie dinge raak die derde gebod. Dit is juis omdat die Wese van die Here so groot en magtig is, dat Hy ons gebied om sy Naam met vrees en net in aanbidding te gebruik.

Dit is nie dieselfde om die Here se Naam met vrees en aanbidding te gebruik as om die Here se Naam ydellik te gebruik nie.

- Ydellik gebruik beteken misbruik of onnodig – verkeerd – te gebruik.
- Die Here is so ernstig hieroor dat Hy terselfdertyd die dreigement daarby voeg dat die Hy die misbruiker van Sy Naam nie ongestraf sal laat bly nie.

Die Here gee nie hierdie opdrag uit verwaandheid nie.

- Dit is omdat sy Naam en sy Wese identies is met mekaar, en omdat die gang van die hemel en die aarde se geskiedenis daarin vasgevang is.
- Die een wat hierdie almagtige Naam verkeerd gebruik, gaan hom vasloop teen die heiligheid en die almagtigheid van hierdie Naam, en dit gaan die effek hê dat daardie sondaar vernietig gaan word.

Logies, want niemand kan met God kragte meet nie.

- Daarom is dit net vanselfsprekend dat daardie persoon gestraf sal moet word omdat misbruik van die Here se Naam ook minagting van God beteken.
- Die heiligheid van God eis dat ons Hom in alles wat ons doen, sal aanbid en verheerlik.
 - Hy wil hê ons moet Hom eer.
 - Hy wil ook hê dat hierdie eer wat ons aan Hom gee op 'n sekere lyn moet lê. Dit beteken dat daar sekere tye en plekke is waar Hy onder geen omstandighede sy Naam genoem wil hê nie.

Daarom is dit net onmoontlik om die Naam van God verkeerd te gebruik en dan te probeer ontken dat dit uit minagting of gebrek aan respek vir God is dat jy dit doen.

- Kyk na die voorbeeld in Levitikus 24:10:

Daar was 'n man tussen die Israeliete wat 'n Egiptiese pa en 'n Israelitiese ma gehad het. Sy ma se naam was Selomit. Sy was 'n dogter van Dibri, uit die stam Dan. Dié man het in die kamp met 'n man van suiwer Israelitiese afkoms in 'n woordewisseling betrokke geraak en die Godsnaam lasterlik gebruik.
(Levitikus 24:10 AFR83)

- Daar word vertel dat 'n man – hy was die seun van 'n Israelitiese vrou – in 'n geveg betrokke was.
- Hy het die geveg verloor, en omdat hy verloor het, het hierdie man die Naam van God gelaster.

Hulle het dié man toe onmiddellik in die gevangenis geplaas, en by die Here 'n uitspraak gaan vra oor hom.

- Die Bybel vertel die verhaal met dié woorde:
- **En die Here het met Moses gespreek en gesê: bring die vloeker buitekant die laer uit, en almal wat dit gehoor het, moet hulle hande op sy hoof lê; dan moet**

die hele vergadering hom stenig. (Levitikus 24:13-14 AFR1953)

Die Here is hier aan die woord. Maak die man dood. In ons tyd sou ons dadelik opstandig wees, want ons hou nie daarvan om voorgeskryf te word en selfs gedreig te word nie.

Maar dan moet ons hier net een ding besef.

- God is die Skepper en Beheerder van absoluut alles.
- Hy is die Een met die hoogste krag.
- Hy kan eis net wat Hy wil, en dan moet dit gehoorsaam word, en die wat wil teëpraat, gaan met 'n mag te doene kry met wie daar net nie teëgepraat word nie. Hy het gesê dat die man doodgemaak moet word, en hy is toe doodgemaak.
- Die Here se eise verander nooit, en as jy 'n moedswillige misbruiker is van die Naam van die Here, gaan die Here aan die einde van jou tyd hierdie oordeel oor jou ook voltrek.

Ons moet natuurlik sien dat die doodstraf wat die Here hier ingestel het, ook 'n simboliese betekenis het, want die doodstraf sien in hierdie gebeurtenis op die ewige dood – op die hel.

- Dit is omdat hierdie saak so uiters ernstig is, dat die Here alle mense verbied om sy Naam te laster.
- Lees net wat geskryf staan in Levitikus 24:15-16 (AFR1953):

As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra. En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land – as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.

Kom ons kyk na ander dele in die Bybel wat ook oor die Naam van die Here handel, dan sien ons die volgende:

- Dawid verbind die Naam van die Here aan verlossing (Psalm 54).
- Psalm 8 besing die heerlijkheid van die Naam van die Here op die ganse aarde.
- Die bevel van God en die Naam van God word ook aan mekaar verbind in Eksodus 5:23.
- Daar is baie meer voorbeelde wat uiteindelik aantoon dat alles en letterlik alles, aan God en aan sy Naam verbind is.

Ons moet baie versigtig wees om die Naam van die Here nie te laster nie.

- Waak daarteen om nie met die Naam van die Here te vloek, of dan die Naam van die Here verkeerd te gebruik nie.
- Moet ook nie vals sweer nie, want dis ook 'n manier van laster.

Kom ons benader die saak van 'n ander kant af.

- Die Here verbied ons om sy Naam te laster.
- Enersyds is dit beskik omdat ons die eer van God moet handhaaf, maar andersyds is dit ook sodat ons voortdurend moet peins en besef hoe groot en heilig God is.

Kom ons lees Kategismus Sondag 36 saam.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: *Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h). (a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23.*

(f) Matt 10:32; Rom 10:9, 10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:11 (p. 161)

11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Augustus 2008
Hulpdienspredikant Clanwilliam
Datum: 11 November 2012.

Opsomming

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie. Die gebod eis dat ons die Here se Naam reg en met respek en heiligheid moet gebruik. Die Here is so ernstig hieroor dat Hy terselfdertyd die dreigement daarby voeg dat Hy die misbruiker van sy Naam nie ongestraf sal laat bly nie.